

Kennisgewing met betrekking tot gedeeltelike toegangverlening - Artikel 28

Verw. no. : **Inrigting se briefhoof**

Navrae :

KENNISGEWING VAN GEDEELTELIKE TOEGANG TOT REKORD(S) INGEVOLGE ARTIKEL 28 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Ek verwys na u versoek om toegang tot bepaalde rekord(s) van hierdie inrigting gedateer _____ .

U word hiermee in kennis gestel dat **toegang tot 'n gedeelte van die inligting** wat versoek is, verleen sal word, maar dat toegang tot die oorblywende **gedeelte geweier** is.

Die **vorm** waarin toegang verleen sal word, is as volg:

*Soos deur u versoek, sal die rekord in die verkose vorm beskikbaar gestel kan word.

*U het die inligting in 'n bepaalde vorm versoek, maar toegang daartoe sal egter nie in dié vorm verleen kan word nie, aangesien dit net in _____ (vorm) beskikbaar is.

*Die rekord is nie in die **taal** wat u versoek het beskikbaar nie en gevolglik sal dit in _____ verskaf word.

Toegangsgeld

Ingevolge artikel 25 (2)(a) van bogemelde Wet moet u toegangsgeld van R_____ betaal. Dit is die koste vir die maak van afskrifte van 'n rekord/transkripsie van die inhoud en/of posgeld en/of tyd wat redelikerwyse benodig word om die rekord op te spoor of om reëlings daarvoor te tref. Toegang sal eers na betaling van die voorgeskrewe toegangsgeld verleen kan word.

Bogenoemde toegangsgeld is bereken ooreenkomstig voorgeskrewe tariewe en is uiteengesit in die aangehegte faktuur.

Die rede(s) vir die weiering van toegang tot die oorblywende gedeelte van die rekord(s) is soos volg en hou verband met die volgende artikels van bogemelde Wet:

Reg tot appèl

Ingevolge artikel 25(2)(c) en artikel 25(3)(c) van bogemelde Wet kan u 'n interne appèl teen die betaling van die **toegangsgeld**, die **vorm van toegang** wat verleen is, **of die gedeelte van die toegang wat geweier word**, aanteken. Indien u wil appelleer, sal u die interne appèl ingevolge die bepalings van artikel 74 van bogemelde Wet aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet die interne appèl binne 60 dae op die aangehegte voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word.

Adres: Persoonlik afgelewer by : _____
Gepos aan : _____
Faksnommer : _____
E-posadres : _____

Die voorgeskrewe appèlgeld van R50-00 moet u interne appèlaansoek ten opsigte van die geweierde toegang vergesel. Ingevolge artikel 75(3)(b) kan die beslissing oor die interne appèl uitgestel word totdat die appèlgeld betaal is.

Indien u nie tevrede is nie nadat die interne appèlprosedure uitgeput is, kan u deur middel van 'n aansoek binne 30 dae by 'n hof om paslike regshulp aansoek doen.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE

DATUM:

*Skrap waar van toepassing.